SC; AH Veldhuizen SC, SA Jordaan SC, AM de Swardt SC, DAJ Uijs SC, JJ Botha SC, JA le Roux SC, LA Rose-Innes SC and DO Potgieter SC. (See also p16 of this issue.)

### Cape Bar Council staff

After a period of almost forty years of sterling service, in which she assisted with the administration of the Bar and the allocation of pro Deo matters, Ms K Leers resigned from the Bar Council on 31 January 1997. She will be sorely missed by all members and staff. See also (1995) 8 *Consultus* 116.

### Acting appointments

Schalk Burger SC had an acting appointment in the fourth term of last year in the Cape Provincial High Court and Albertus SC, Fitzgerald SC, Hoffman SC and McClarty SC have acting appointments for the first term this year.

### New building – *Keerom Street Chambers*

Approximately 90 members took occupation of chambers in the Bar's new building, *Keerom Street Chambers*, 56 Keerom Street, as from January 1997. 🕮

# The people who support the Bar

## Administratiewe assistent van die Bloemfonteinse Balie

*bygedra deur Jimmy Claasen*
Bloemfonteinse Balie

MEV Lettie Steyl het aan die begin van 1992 by die Bloemfonteinse Balie begin diens doen. Sy het sedertdien 'n onmisbare skakel vir elke advokaat aan die Bloemfonteinse Balie geword weens die verskeidenheid van dienste en hulp wat sy aan hulle verleen.

Haar hooftaak was oorspronklik om die biblioteek van die Balie te administreer waar sy betrokke is by die kontrole oor die uitleen van die boeke (en veral die terugvordering daarvan), die statute, tydskrifte, indeksering en administrasie van die vervangingsbladsye van al die werke.

Sy tree ook op as hulp-sekretaris van die voorsitter van die Balie en is veral van onskatbare waarde vir die hantering van die uitsending van die maandelikse rekenings van alle advokate, aanmanings aan prokureurs en die opvolg daarvan. Daarbenewens is sy ook in beheer van die wanbetalerslys.

'n Verdere bydrae wat sy lewer, is die beheer en administrasie van die fotostaatmasjien, selfs die maak van fotostate vir advokate en die hantering en administrasie van die faksmasjien en uitstuur van fakse. Sy is behulpsaam met die pupille se opleiding, hulle navrae en versoeke en die hantering van hulle eksamens. Wanneer die omstandighede dit noodsaak, los sy af by ontvangs en hanteer dan ook die skakelbord van die hele Balie wanneer sy aldus aflos.

'n Verdere belangrike bydrae is haar beheer van die kombuis en teekamer se voorraad. Sy word in die algemene hantering van haar administrasie effektief bygestaan deur Mirriam Marumo, wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die teekamer en bestellings wat advokate plaas vir drinkgoed wanneer hulle in konsultasie is; Mirriam Malebese, wat die belangrike taak vervul om brevette wat voltooi is, asook posstukke, fidies aan prokureurs af te lewer; en Reggie Moletsani en Maria Lechoana, wat betrokke is by die skoonmaak en behoorlike versorging en instandhouding van die kantore.



*Mev Lettie Steyl*

Mev Steyl is getroud met twee seuns en 'n dogter en ons wens haar nog baie jare van vrugbare werksaamheid toe saam met die Bloemfonteinse Balie. 🕮




From Steuart & Francis *Queen's Counsel* (London)